DIE HEER IS MY PAD

Japansending - Neil en Dawid Verwey

Sendeling Brian Birtles skryf as volg:
"Twee dae na die aardbewing loer my huisbaas in om te kyk hoe dit gaan. Hy sê toe hy is bang om die ondergrondse trein na Tokio te neem want dit is waar hy gedurende die aardbewing was. Die dag na die aardbewing kon hy egter nie die ondergrondse trein vermy nie. Toe die trein vanuit die ondergrondse spoor op die bogrondse spoor uitkom kon hy nie help om ’n golf van verligting te ervaar nie. Hy wou daarna gaan “dankie” sê by die groot standbeeld van Boeddha wat duidelik sigbaar is vanaf die trein vanuit daardie hoek. Dis toe dat hy agterkom dat dit in twee stukke gebars het! Ek kon nie help om te wonder watter impak daardie dramatiese prentjie op die verbygangers moes gehad het nie."

In teenstelling met bogenoemde, vertel ’n a nder sendeling, Phil Foxwell hoe hy ‘n teken op hout inge-ets, ‘Die Here is my Pad’ (in Japannees geskryf), uit ’n hoop rommel getrek het.

Of jy nou ’n Christen is of nie, in tye soos hierdie waar die paaie vernietig is en dit moeilik is om onder die haglike omstandighede te reis, is dit belangrik om te onthou “Die Here is my pad”. Elke element van sy werk maak staat op God se wil en leiding.

Pastor Sato en gemeentelede van die Baptistekerk in Fukushima was verplig om in groot getalle hulle tuisdorp te ontruim as gevolg van die gevaar van bestraling na die groot aardbewing wat die Ooste van Japan op 11 Maart getref het.

Sewentig lidmate het na ’n ander deel van die Fukshima vertrek waar hulle met vreugde deur die Christene daar ontvang is. Pastor Sato skryf in sy dagboek:
“Die mees wonderbaarlike ding was dat niemand vrae gevra het nie, soos, ‘Hoekom het God dit toegelaat?’ of uitgeroep het, ‘Ek kan nie in God glo nie. Daar is geen God nie!’ Al wat ek hoor, is, ‘God is groot! ‘of, ‘Ek wil God vertrou as ek die toekoms saam met hom tegemoet wil gaan.’

In die dorpie Ishinomaki, waar Japansending (JS) ook werksaam is, het ons wonderlike nuus van sommige van die spanne ontvang. Hulle het die vreugde en gelag in die harte van mense ervaar. Die hoop was besig om terug te keer.

“Ek het lanklaas soveel gelag,” sê sommige van die wat hulpmiddels ontvang het. Almal is dankbaar. Party was so

dankbaar, dat hulle nie anders kon as om die bringers van hoop te omhels nie.
Bron: Japan Harvest
Van bo af het Hy sy hand uitgestrek
en my gegryp, my uit geweldige waters uitgelig
(Ps 18:17, NLV).

Voorwaar, die Here is my pad!

Neil en Dawid Verwey

JAPANSENDING
7-40 Monzen Cho, Ikoma, Nara, Japan 630-0266
Tel: (81)743-73-1754 Faks: (81)743-73-1681
E-pos: jm@japanmission.org
Webwerf: http://www.japanmission.org/